

# HOëVELD SA BOERPERD KLUB, Mpumalanga

## JAARVERSLAG 2017/8

Manie Louwrens



### ALGEMENE JAARVERGADERING & BESTUURSVERKIESING

Die Hoëveld Klub het vergadering gehou op 4 November 2017 te Leeupan by Sanlouw SA Boerperd Stoet. Ons is tevrede om verslag te kan doen dat dit goed gaan met die klub ten spyte van 'n afname in ledetal. Dit klub se finansies bly egter bestendig, waarvoor ons baie dankbaar is.

Bestuur soos verkies op 4 November is:

Voorsitter - M. Louwrens;  
Visie-Voorsitter - G Minnaar;  
Sekretaresse - J. Roux;  
Tesourier - M Jacobsz;  
Addisionele lede - F. Combrink; J. Jacobsz; S. Kritzinger; T. Kritzinger.

Op die vergadering is besluit om voortaan Western Mounted Games as deel van die skou in te sluit en sodoende meer mense te betrek.

Die volgende klubvergadering vind plaas op 25 Augustus 2018.

### KURSUS: SKOUETIKET

Die klub het op 4 November 'n kursus aangebied wat deur Leon Botha, Victor Botha en JJ Kemp aangebied is. Die kursus het gehandel oor afrigting en skou etiket.

Daar was ongeveer 20 persone wat die kursus bygewoon het.

Dankie aan Frikkie Combrink vir die reël van die kursus.

### HINGSKEURING

Die Mpumalanga Hingskeuring het in dieselfde tydgleuf as die Streekkampioenskappe plaasgevind. Daar is 15 hingste voor keuring gebring en agt is gebrand. Baie dankie aan die keurders wat betrokke was.

### STREEKKAMPIOENSKAPPE 21 – 24 MAART

Die kampioenskappe is bygewoon deur 82 perde. Die Skou moes ongelukkig na 'n dag en 'n half gestaak word a.g.v. gietende reën. Baie dankie aan Jannie Jacobsz vir die reël van die skou en die hantering daarvan in my afwesigheid a.g.v. ander verpligtinge.